

# Die Aankondiger

## 30 Augustus 2020



**Prediker:** Ds. Gideon Du Toit

### Uitbranding is nie verpligtend nie *deur Stephan Joubert*

By te veel toegewyde mense in en om die kerk sien ek tekens van oorwerktheid, stres en uitbranding. Toegegee, party mense brand uit nog voordat hulle vlam gevat het. Maar hulle is die uitsonderings. Uitbranding is dodelik. Kathleen Kendall-Tackett omskryf uitbranding "...as a loss of enthusiasm, energy, idealism, perspective, and purpose; it has been described as trying to run a marathon at full speed." Te veel 'uitbranders' probeer om op te leef aan al die verwagtinge van almal wat hulle salarisse betaal, of wie se goedkeuring hulle verlang. Die gevolg - hulle hou hulleself besig met te veel dinge wat hulle energie steel. Dikwels bly hulle geloof ook in die slag want God sien al hoe minder van hulle gesig en al hoe meer van hulle rug.

Breek uitbranding op jou eie voorstoep. Hou op om alles vir almal te probeer wees. Weet wie jy is voor die Here en gaan wees daardie mens vir Hom en vir ander. Leer ook om nee te sê. Onthou Annie Lamotte se woorde: "No" is a complete sentence." "Dit is nie so eenvoudig nie," dink jy. Wel, as dit was, het niemand uitgebrand nie! Nogtans is dit wat ons moet doen as ons enduit bruikbaar vir God en ander wil wees.

### Liewe Lidmate

Weens die virus moes ons noodgedwonge van die elektroniese media gebruik om by ons dienste en Bybelstudies en nagmaal in te skakel, en met mekaar te kommunikeer.

Baie van ons het egter die behoefte om mekaar weer te sien, persoonlike interaksie te hê en saam na die Woord te luister. Daarom het die Bestuurskommissie besluit om vanaf **Sondag 6 Sept** weer, binne die perke van die regulasies, dienste in ons kerkgebou te reël soos volg:

1. Omdat daar 'n beperking van 45 persone per byeenkoms is (5 vir Predikant, koster en kerkraad), sal daar **twee** dienste wees, om **09:00** en **10:00**.
2. Al die reëlings ten opsigte van die dra van maskers, sanitering en die handhaaf van sosiale afstande, sal geld. U gesondheid is vir ons baie belangrik.
3. Die gebou sal voor en na elke diens gesaniteer word.
4. Kom asseblief betyds sodat u vooraf die nodige register kan invul sonder om die diens te vertraag.

#### **Indien u dienste wil bywoon:**

1. Weens die getalle beperking per byeenkoms vra ons dat u bespreek en nie net opdaag nie.
2. Skakel asb vir **Susann by 0828024883** en dui aan watter byeenkoms u wil bywoon.
3. Indien die getal vir die diens van u keuse reeds vol is, vra ons vriendelik dat u asb van die ander geleentheid gebruik sal maak.
4. Sitplekke sal afgebaken word, gesinslede mag bymekaar sit, maar tussen gesinne en individue sal 'n afstand van toepassing wees.
5. Kollektorbordjies sal by die deure beskikbaar wees.

Baie dankie vir u samewerking, ons sien uit daarna om mekaar weer te sien. Kom ons bid saam dat die Here ons en ons gemeente sal seën.

Ernie Blignaut  
Voorsitter

## Gestremdheid Sondag

Gestremdheid of soos hulle so mooi in Engels se – Differently abled

Ons is almal bewus van mense wat aan een of ander Gestremdheid ly en weet dat elke dag 'n uitdaging vir hulle is of hulle nou blind, doof, verlam, 'n ledemaat verloor het Down Sindroom of Outisme het. Ek is so dankbaar dat daar deesdae meer bewustheid en ondersteuning vir gestremdes is maar dat dit nog nie naastenby genoeg is nie. Daarom is **hierdie** dag waar ons spesiaal aan mense met gestremdheid dink so noodsaaklik en is dit belangrik dat daar meer hulpmidels en geleenthede vir hulle geskep en gebied word aangesien mense met gestremdheid meestal dieselfde behoeftes, drome en verwagtings koester as enige iemand anders maar dat hulle baie harder moet werk en baie meer uitdagings, struikelblokke, frustasies, ens moet oorkom. Dit is ook belangrik dat elke persoon iets van hulle deel doen om die lewe vir hierdie mense te verbeter hetsy dit is deur finansiële bydrae te maak aan organisasies wat sulke mense help of om net sulke mense met respek, liefde en empatie te behandel en die mens agter die gestremdheid raak te sien.

My suster het 'n seun wat aan "Trichorhinophalangeal Syndrome" ly. Dit is n baie raar toestand met baie verskillende simptome en karaktertrekke. In die geval van my suster se seun is die belangrikste beperkte verstandelike ontwikkeling en ander fisiese probleme met bv. sy voete en heupe wat met ouderdom vererger en pyn ens. Omdat hy 'n eerste kind was het sy ouers nie dadelik besef dat hy 'n probleem het nie, hy het maklik geval en bietjie langer geneem om te praat. Hy is eers toe hy in graad een was gedianoseer. Sy ouers het besluit om hom dieselfde as sy jonger boetie te behandel en het hom geleer om alles moontlik vir homself te doen en ook te help met takies in en om die huis. Hy het spesiale onderrig en terapie ontvang tot ouderdom sestien. Daarna is hy ingeskryf by Irene Homes waar mense met gestremdheid die geleentheid kry om werkies te doen vaardighede aan te leer en met ander gestremdes om te gaan en besig gehou word. Hy is mal oor sport, speel golf en het in Dubai deel geneem aan n golf toernooi vir gestremdes wat vir hom 'n wonderlike ondervinding was. Hy is baie liefdevol en geniet sy "werk". Hy hou ook van fliek en partytjies en is baie lief vir kindertjies. Dit is vir sy ma van groot belang dat hy finansiël en fisies versorg en so ver moontlik onafhanklik te wees as iets met haar sou gebeur.

Ek het by hom geleer dat dit nie saak maak om nie volmaak te wees nie, om jou bes te doen, voluit te leef en ander mense met respek en liefde te behandel ongeag wie of wat hulle is en om nooit op te gee nie en dat daar geen gestremde mense is nie , net

**“differently abled people”**

Annatjie Roets

# VERJAARSDAE

## 30 Aug - 5 Sep



Van	Noemnaam	Verjaar	Landlyn	Selfoon
Fredericks	Angelo	08/30		
Booyesen	Sonja	08/31		0849102888
Smith	JJ	08/31		0726883179
Venter	Hena	08/31		0842490342
Van Niekerk	Jannie	09/02	012 6643162	0834556550
Kock	Sandra	09/03		0823384030
Le Grange	Fairy	09/03	012 664 2670	0828961360
Lynn	Wiida	09/03	012 664 3521	0833873364
Schoeman	Rita	09/03		0722045188
Viljoen	Egbert	09/03		0835667264
Breytenbach	Minnette	09/04		0836503817
Gouws	Tinie	09/04		0723455442
Falk	Cherise	09/05		0829094124
Swarts	Alfred	09/05		
Van Wyk	Annelien	09/05		0834534348

### Lief en leed

- By Rusoord gaan dinge stadigaan beter en inwoners behoort binnekort nie meer kamergebonde wees nie, maar moet nog steeds sosiale afstand behou.
- Hanna Dippenaar se kleindogter (14 jaar) oud het 'n suksesvolle rugoperasie gehad, ons is saam dankbaar.
- Martin Odendaal gaan Dinsdag in vir 'n prosedure om 'n kankergroei sel onder sy ooglid te verwyder. Ons dra hom aan die Here op en bid dat alles goed sal afloop.
- Dink in u gebede aan Fanie en Marietjie du Rand, hulle seun Rohan het tragies gesterf. Bid ook vir Bianca (sy vrou) en babadogtertjie Xandrie van 3 maande. Die viering van sy lewe is Woensdag.
- Dink asb aan Marie Du Toit wat na 'n versorgingseenheid in Boksburg gaan. Mag sy elke dag bewus wees van die Here se liefde.
- Chris Von Wielligh is ontslaan uit die hospitaal en sterk by sy dogter Alta Botha aan. Ons bid steeds vir hom na die afsterwe van sy vrou Rita.

### CHRISTELIK MAATSKAPLIKE RAAD [CMR FAERIE GLEN]

#### FOKUS:

Halfdag sekretaresse vir CMR Faerie Glen kantoor.

#### POSVEREISTES:

Sterk administratiewe vaardighede, Rekenaargeletterdheid  
Sekretariële opleiding, Passie vir mense in nood / ontvangs van kliënte

**Werksure:** 5/8 ste pos  
**Standplaas:** NG Kerk, Glenwoodweg, Faerie Glen  
**Salarispakket:** Onderhandelbaar  
**Navrae en aansoeke:** Mev H van der Merwe,  
**E-pos:** [henda@cmroos.co.za](mailto:henda@cmroos.co.za) / [info@cmroos.co.za](mailto:info@cmroos.co.za)  
**Sluitingsdatum:** 16 September 2020  
 Onderhoude: 21 September 2020

## Kennisgewings & Advertensies

### BANKBESONDERHEDE

**OMGEEKERK LYTTELTON-NOORD**

**FNB CENTURION**

**NG Gemeente Lyttelton-Noord**

**Takkode: 261550 / 250655 (internet)**

**Rekening: 62784389796**

## Ek leer by my skaaphond – 4



Verlede keer: Lassy het uiteindelik kom aanmeld, en sy en Phillip gaan huis toe, vir die begin van 'n nuwe vertrouensverhouding. 'n Nuwe lewe het vir haar aangebreek ten spyte van haar tragiese verlede. Dis egter 'n proses om te leer om die nuwe lewe ten volle te ervaar.

Met sy interaksie met Lassy het Phillip begin besef dat hy net so haar dienaar is soos wat sy hom dien. 'n Onderlinge omgee vir mekaar, vertrouwe in mekaar en vrymoedigheid teenoor mekaar was aan die ontwikkel tussen die pragtige hond en Phillip. Sy het stadigaan begin verstaan wat dit beteken het dat sy vrygelaat en verlos is van haar vorige lewensomstandighede, en 'n nuwe eenaar het en in 'n nuwe werklikheid lewe.

Vir Lassy was een van die wonders van die nuwe lewe en omstandighede, dat toe sy Phillip se stem begin ken het, sy intens daarna begin luister, en selfs sy stemtoon leer onderskei het. Sy het ontdek dat hy sag met haar praat, maar bedoel wat hy sê, in skrilte teenstelling met haar ervaring by haar vorige eenaar wat vir haar geskreeu, geskel en gedreig het.

Wanneer Phillip haar geroep het, het hy van haar verwag om dadelik te reageer. Wanneer sy in antwoord op sy roep na hom toe kom, het hy haar gestreel en geprys. So het sy geleer dat haar onmiddellike gehoorsaamheid en samewerking vir beide van hulle 'n aangename ervaring is.

Sy het ook geleer dat hy bedoel het wat hy gesê, en sy het geleer om dit wat hy gesê het, te vertrou, en dat dat hy van haar verwag om presies te doen wat hy gesê het. Daarom het sy haar ore gespits, en met aandag geluister. Haar oë was voortdurend op hom gerig en sy was toenemend gewillig om onmiddellik tot aksie oor te gaan.

Haar lojaliteit en gehoorsaamheid teenoor hom het gegroei en sy was toenemend gewillig om wense onmiddellik te gehoorsaam. Op dié wyse het die vertrouwe en vrymoedigheid tussen hulle gegroei. Verder het sy ontdek dat, om so saam met Phillip te werk, eintlik pret en 'n aangename avontuur is. Dit sou uiteindelik die geheim van die sukses wat hulle saam beleef het, wees.

*Die verlore seun moes ook leer om, na sy nagmerrie-ervaring in die wêreld, by die vaderhuis in te pas en opnuut sy vader se stem te ken en te gehoorsaam.*

*Wanneer ons na die Vaderhuis terug kom, leer ons om soos Lassy en die skape van Joh 10:2, te "luister na die Herder se stem" en Hom te volg. Hy praat met ons gerusstellend, Hy roep ons by die naam, Hy verseker ons van sy liefde, en wil ons gerusstel dat Hy ons wil vry maak om 'n sinvolle lewe te ervaar, as deel van Sy koninkryk en huisgesin (Ef 2:19).*

*Ons kan dit aanvaar en vrede ervaar, of daarteen skop, van Hom wegvlug en in ons ou gewoontes terugval.*